

Die Sentrum se missie is om die Grondwet te handhaaf en te bevorder.

Die Sentrum se doelwitte is om:

- die waardes, regte en beginsels in die Grondwet te bevorder;
- ontwikkelinge te monitor - insluitende wetsontwerpe - wat die Grondwet of grondwetlike regte kan affekteer;
- mense en organisasies in te lig oor hul grondwetlike regte; en
- om mense en organisasies te help om hul regte op te eis.



Sentrum vir
**GRONDWETLIKE
REGTE**

Handhawing en
Bevordering van Suid-Afrika
se Grondwet

Inleiding

Die grondwetlike akkoord - vervat in die 1996 Grondwet - is die hoeksteen van Suid-Afrika se nuwe samelewing.

Tussen 1990 en 1996 het al Suid-Afrika se noemenswaardige politieke formasies, wat meerderhede van al die gemeenskappe in die land verteenwoordig het, daarin geslaag om eene oue verdeeldhede, diskriminasie en ongeregtheid te oorbrug en het die fondament gelê vir eenheid, geregtigheid, voorspoed en demokrasie. Die akkoord het ingewikkelde kompromieë en balans vereis tussen:

- die behoefte aan 'n nasionale eenheid en die reg op kulturele diversiteit;
- federalisme en sentralisme;
- eiendomsregte en die herverdeling van rykdom;
- verteenwoordiging in die staatsdiens en effektiewe administrasie; en
- regstellende aksie en die vermyding van nuwe vorms van onregverdigde rassediskriminasie.

Die 1996 Grondwet:

- artikuleer die waardes waarvoor Suid-Afrika staan en die doelwitte waarna ons streef: Menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede, nie-rassigheid, nie-seksisme, die oppergesag van die Grondwet en die heerskappy van die reg en 'n veelparty-stelsel van demokratiese regering om verantwoordingspligtigheid, 'n responsiewe ingesteldheid, en openheid te verseker;
- waarborg ons mees basiese regte, insluitende ons reg op lewe, vryheid, waardigheid, eiendom en deelname aan demokratiese instellings;
- beperk onregverdigde diskriminasie maar gee erkenning aan die behoefte om die gelykheid te bevorder van diegene wat deur diskriminasie benadeel is;
- verskans ons reg om ons gelowe te beoefen en om die taal van ons keuse te praat sowel as om ons kinders op te voed in die tale en kulturele tradisies van ons keuse;
- verhoed onregverdigde beperking van die regte van individue asook van kulturele, politiese en godsdienstige minderhede.

Suid-Afrika se toekomstige vryheid, eenheid, stabiliteit, voorspoed en internasionale status sal direk afhanklik wees van die mate waartoe ons die woorde en betekenis van die 1996 Grondwet, toepas.

Oriëntasie

- Die Sentrum vir Grondwetlike Regte (SGR) het geen party politieke affiliasie nie en poog om die volle spektrum van regte, waardes en beginsels in die Grondwet te bevorder.
- Die SGR ondersteun alle bepalings in die Grondwet, insluitende die bevordering van gelykheid van diegene wat voorheen deur onregverdigde diskriminasie benadeel is, te bevorder.
- Die SGR gee erkenning aan die noodsaaklikheid vir gebalanseerde regstellende aksie en die herverdeling van grond. Die SGR poog egter om te verseker dat sulke beleide implementeer word op 'n gebalanseerde wyse wat ooreenstemmend is met die bevordering van al die ander grondwetlike regte.
- Die SGR streef na 'n konsensus-soekende, nie-konfronterende styl en poog, waar ook al moontlik, om sy doelwitte te bereik deur bespreking en oortuiging.

Aktiwiteite

Die SGR se aktiwiteite sluit in:

- die bevordering van die Grondwet deur deelname aan die nasionale debat; publikasies; nuusbriewe; artikels; konferensies en die SGR se webtuiste; en die opstel en lewering van regsopinies;
- die monitor van ontwikkelinge wat die Grondwet kan affekteer deur politieke inisiatiewe, samesprekings van die parlement en die besluite van die Grondwetlike



Hof en ander howe te volg en analiseer;

- interaksie met die regering en belanghebbende groepe wat ten doel het om die Grondwet en die waardes wat dit vervat, te onderhou - onder andere deur voorleggings te maak aan parlementêre portefeulje en verkose komitees rakende wetsontwerpe;
- om Suid-Afrikaners, deur publikasies en die SGR se webtuiste, in te lig oor hul grondwetlike regte en hoe om dit op te eis; en
- om Suid-Afrikaners by te staan om hul grondwetlike regte op te eis deur advies te gee en, waar nodig, deur regstappe te neem.

Organisasie

- Die SGR funksioneer as 'n eenheid van die FW de Klerk Stigting en doen verslag aan die Stigting se raad deur die uitvoerende direkteur. Vir meer inligting oor die Stigting, besoek gerus die webtuiste by www.fwdeklerk.org.
- Die SGR maak gebruik van die administratiewe infrastrukture, kantore en ander infrastrukture van die FW de Klerk Stigting.
- Die SGR se beskermer is Sy Edele Regter Ian G Farlam, afgetrede regter van die Appèlhof.
- Aan die hoof van die SGR is 'n direkteur, me Phephelaphi Dube, wat bygestaan word deur 'n klein personeel.
- Die SGR maak maksimum gebruik van *pro bono* regshulp.
- Die SGR se funksionering word befonds deur private, openbare en korporatiewe donasies.

Raadgewende Paneel

Die SGR word bygestaan deur 'n Raadgewende Paneel wat bestaan uit regskenners, senior advokate met grondwetlike ervaring en professors in regte en politieke wetenskap.

Die Paneel:

- adviseur die SGR rakende die uitvoering van die Sentrum se pligte;
- stel die SGR in kennis oor enige kwessie wat, in die paneel se opinie, 'n bedreiging mag wees vir grondwetlike regte en beginsels of wat andersins deur die SGR aangespreek moet word; en
- identifiseer grondwetlike kenners om grondwetlike opinies op te stel, artikels te skryf of wat van hulp kan wees met litigasie voor die Konstitusionele Hof.

Die Paneel vergader ten minste twee keer per jaar - maar kommunikeer met die SGR wanneer dit ook al nodig is.

Raadgewende Paneellede

- Sy Edele Regter Ian G Farlam, afgetrede regter van die Appèlhof.
- Me Sheila Camerer, voormalige adjunk-minister van justisie en voormalige ambassadeur in Bulgarye.
- Prof George Devenish, Emiritus Professor van Publiekereg, UKZN.
- Prof Pierre du Toit, professor in politieke wetenskap, US.
- Adv Paul Hoffman SC, voormalige waarnemende regter en lid van die Kaapse Balie.
- Dr Anthea Jeffery, spesiale navorsingskonsultant, IRR (Doktorsgraad in menseregte, Universiteit van Londen).
- Dr Penuell Maduna, prokureur en voormalige minister van Justisie.
- Mnr Johan Marais, prokureur, Stellenbosch.
- Prof Francois Venter, voormalige dekaan van regte, NWU.
- Prof David Welsh, voormalige professor in politieke wetenskap, UK.
- Prof Marinus Wiechers, voormalige rektor van UNISA en adviseur tydens die formulering van die Namibiese en Suid-Afrikaanse Grondwette.



Skenkings

Indien u 'n bydrae tot die SGR wil lewer is daar verskeie metodes om 'n skenking te maak. Alle skenkings is van belasting aftrekbaar en word ontvang in terme van Artikel 18A van die *Wet op Inkomstebelasting* 58 van 1962.

NWO registrasie nommer: 031 061 NPO

Die SGR funksioneer as 'n eenheid van die FW de Klerk Stigting.

E-pos: info@cfc.org.za

Tel: +27 (0)21 930 36 22

Aanlyn: www.cfc.org.za

Direkte Skenking:

Banknaam: ABSA Privaatbank

Rekeningtipe: Tjek

Rekeningnaam: The Centre for Constitutional Rights

Rekeningnommer: 407 297 3316

Swift-kode: absazajj

Takkode: 632005

Kontakbesonderhede

Adres: Zeezicht Gebou

Tygerberg Park,
Platteklouf, 7500,
Suid-Afrika

Posadres: Posbus 15785,
Panorama, 7506,
Suid-Afrika

Telefoon: +27 (0)21 930 3622

Faksimilee: +27 (0)21 930 3898

E-pos: info@cfc.org.za

Webtuiste: www.cfc.org.za

Twitter: twitter.com/theCFCR

Facebook: facebook.com/theCFCR



Sentrum vir
**GRONDWETLIKE
REGTE**

Handhawing en
Bevordering van Suid-Afrika
se Grondwet